Heilbron
# Herald

WEEK 3 Deel 111

VRYDAG - 31 JANUARIE 2020

If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.

www.heilbronherald.co.za

R5-00 (BTW ingesluit)

# Vrystaat Varke val die Kaap binne




*'n Groep rugbyspelers en ondersteuners van Frankfort en Heilbron wat bekend staan as die Vrystaat Varke het gisteroggend in Kaapstad geland om deel te neem aan vanjaar se Cape Town 10's toernooi. Die sportbyeenkoms is die breinkind van die rugbylegendes Bob Skinstad en Robbie Fleck. Dit is in 2008 gestig en begin as 'n rugbytoernooi, en het sedertdien ontwikkel tot 'n multisportbyeenkoms, met die toevoeging van Netbal in 2013, Dodgeball in 2017, Hokkie en Sokker in 2018 en Pretdraf in 2019. Duisende aanhangers en groepe kom byeen van regoor die wêreld om aan hul gunsteling sportsoorte deel te neem en die atmosfeer van die 10's te ervaar wat gepaard gaan met pret, vriendskappe, sport en 'n paar koue biere. Die Kaapstad 10's gaan nie net oor die sportaksie nie, dit is ook een van die grootste en gewildste musiekoptredes in die land, asook die tuiste van Afrika se grootste biertent. Sowat 25 000 aanhangers sal na verwagting Saterdag by die Hamilton Rugbyklub in Groenpunt die hekke binnegaan om aan die pret deel te neem.*

## Boere dien versoekskrif in teen veediewe

### *Prokureur onttrek van saak*

Verskeie boere van die Heilbron gemeenskap het Woensdag 'n versoekskrif by die hof ingedien om vier vermeende veediewe borgtog te weier. Bornman sê dat hy seker is dat daar op Vrydag, 31 Januarie, nog meer boere die hofsaak sal bywoon. Daar het selfs vanaf Kroonstad boere gekom om die verhoor by te woon. Matala Mofokeng het die versoekskrif afgeteken. Nakana Masoka, 'n opkomende boer vanaf Kroonstad, was ook daar en het verduidelik dat hy moeg is om sy beeste te verloor. Hy het in die verlede al beeste op Manis se plaas gekry, maar Manis sê net dat hy nie weet hoe dit daar gekom het nie. Hy het ongeveer R200 000 verloor nadat 10 van sy dragtige Bonsmara-koeie op 14 Januarie gesteel is.

Redelinghuys het die verhoor tot vandag toe uitgestel om op 'n datum te besluit vir die vier mans se borgtogaansoeke. 'n Risiko-ontleder van die Vrystaat Landbou, Dr. Jane Buys, het ook die verhoor op 29 Januarie bygewoon en sal in die borgtogverhoor vir die staat teen die mans getuig. Hulle bly egter steeds in aanhouding.

Emosies het hoog geloop in die landdroshof by Heilbron nadat 'n prokureur onttrek het van die verdediging van 'n vermeende veedief, 'n versoek teen borgtog oorhandig is en doodsdreigemente ontvang is. Op 21 Januarie is vier persone in hegtenis geneem nadat Jannie Bornman 'n verdagte voertuig met 'n veewaentjie op die buurplaas gewaar het. Paki Molapo (33), Themba Manis (22), Serame Mohaka (43), 'n sangoma, en Leslie Hayo (46), het eergister in die hof verskyn op die aanklag van veediefstal.

Die SAPD het op die toneel bevestig dat die gesteelde beeste wel aan Bornman behoort. Andries Richter, 'n prokureur van Frankfort, is aangestel om Hayo te verteenwoordig, maar het aan die landdros, Ian Redelinghuys, gesê dat hy morele en etiese besware daarteen het om Hayo te verteenwoordig. Baie van die klaers is van sy kliënte en hy het egter nie geweet wie hy verteenwoordig tot hy die klagstaat gesien het nie. Richter is buite die hof deur van Hayo se familielede gekonfronteer omdat hulle woedend is oor sy onttrekking aan die saak. Daar is buite die hof deur vermoedelik 'n vriend van die verdagtes aan Gielie Broodryk gesê “moenie slaap nie”. Nog 'n man het aan die boere gesê dat hulle vir een geskiet moet word.



# Nuwe kommunikasiebeleid in VS in stryd teen veediefstal

'n Nuwe kommunikasiebeleid is geformuleer om die kopseer van veediefstal in die Vrystaat meer doeltreffend aan te spreek. Die Vrystaatse Rooivleisprodusente-organisasie (RPO), Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV) in die provinsie en Vrystaat Landbou (VL) het saamgespan om dit vir hul lede makliker te maak om te weet watter riglyne om te volg wanneer veediefstal-probleme ondervind word.

Elk van hulle vervul 'n spesifieke rol in die stryd teen veediefstal en dit is belangrik vir landbouers en ander om te weet wie om wanneer te kontak. Sodoende sal kommunikasie verbeter en kan probleme met groter sukses aangespreek word.

**Rol van Veediefstalvoorkomingsforum**

VL, die RPO én NWKV in die Vrystaat maak deel van die Vrystaatse Veediefstalvoorkomingsforum (VSVVF), wat help om doeltreffende maatreëls vir veeprodusente in plek te stel om diefstal te voorkom, uit. Neville Raath, Vise-voorsitter van die RPO Vrystaat, is die Voorsitter van die VSVVF, terwyl Herman Archer Voorsitter van die NWKV Vrystaat en Jakkals le Roux Voorsitter van VL se Landelike Veiligheidskomitee is.

"Die forum skenk saam met die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag en Nasionale Vervolgingsgesag aandag aan reaktiewe veediefstal-aanmelding wat voorkoming daarvan beïnvloed én om die suksesvolle vervolging van veediefstalsake in howe binne die kriminele regstelsel te monitor en te verbeter," sê Raath. Volgens hom is bewusmakingsveldtogte in die media, opleidingswerkswinkels om veeprodusente te bemagtig oor die identifikasie van diere en riglyne vir veediefstal-voorkoming alles deel van die VSVVF se werksaamhede. Dit sluit ook interaksie en besoeke aan landbougemeenskappe én die deurlopende monitering van veediefstal sake in.

"Die forum is ook deel van maandelikse vergaderings van die provinsiale prioriteitskomitee vir landelike veiligheid en vergaderings elke twee maande van die Border Safeguarding Forum met die SANW," sê hy. By laasgenoemde word oorgrensprobleme, uitdagings en tekortkominge by die grens tussen Suid-Afrika en Lesotho, asook hoë misdaadgebiede en inligting oor toekomstige operasies, bespreek.

Raath sê die forum het ook ten doel om Veediefstal-inligtingsentrums by veral die voorste tien Vrystaatse veediefstalstasies tot stand te bring, waar alle aspekte hierbo vermeld ook gedesentraliseer word. Hier werk die VSVVF nou saam met die LUR vir Polisie, Paaie en Vervoer se sektretariaat vir oorgrensbeveiliging om Imbizo's onder kommunale en opkomende landbouers te hou. "Opleiding en bewusmaking oor dieregesondheid, die merk van vee en voldoening aan wetgewing saam met die SAPD geniet dan spesifieke aandag."

**Probleme met ondersoeke**

Die VSVVF het 'n pro forma saamgestel wat landbouers kan gebruik wanneer hulle nie met die ondersoek van sake deur die SAPD, en veral veediefstal-eenhede, tevrede is nie.

"Die vorm moet skriftelik voltooi word en navrae word gerig deur die kantoor van die RPO Vrystaat, spesifiek Carine Annandale (vrystaatrpo@vodamail.co.za), na die SAPD se provinsiale koördineerder van veediefstal-eenhede," sê Raath. Terugvoer word dan gekry en aan die betrokke landbouer deurgegee.

Raath meld ook dat waar daar dringende intervensie nodig is, dit so op die vorm aangedui moet word. 'n Voorbeeld is waar die SAPD of die betrokke veediefstal-eenheid nog nie die misdaadtoneel besoek het nie, sodat skakeling met die SAPD kan geskied.

**Wie om wanneer te kontak**

Alle insidente en inligting oor die manifestasie van veediefstal moet aan Dr Jane Buys, Veiligheidsrisiko-analis van VL, deurgegee word. "Inligting oor voorvalle word gebruik in die opstel van maandelikse veiligheidsoorsigte wat ook aan die prioriteitskomitee van Landelike Veiligheid, onder leiding van die VSVVF, deurgegee word," sê sy. Volgens haar behels dit die identifisering van hoë misdaadgebiede, asook versoeke vir gesamentlike operasies.

Buys is aangewys as die skakelpersoon namens die RPO, NWKV en VL met die media oor veediefstal-statistieke, toenames of afnames, die georganiseerdheid daarvan, asook die impak en omvang van die probleem in die Vrystaat. Sy sal ook alle navrae vir artikels vanaf akademici, die media en ander wat fokus op veediefstal hanteer.

Raath is aangewys as skakelpersoon namens die RPO Vrystaat met die media. Hy sal alle inligting oor hoëprofiel-sake oor veediefstal met die media kommunikeer. Verder kan daar ook oor daaglikse veediefstal-inligting in die provinsie met hom geskakel word.

"Hierdie riglyne sal aan lede van al die provinsiale organisasies, ook tydens VL se streekkongresse, gekommunikeer word om hulle in te lig wie om te skakel wanneer uitdagings oor veediefstal ervaar word en wat die kommunikasiekanale behels," sê Raath.

**Vir medianavrae, kontak:**

Neville Raath, Vise-voorsitter van die RPO Vrystaat, by 063 133 6907; Dr Jane Buys, Veiligheidsrisiko-analis van VL, by 082 922 8434; Herman Archer, Voorsitter van die NWKV Vrystaat, by 083 707 8065; Jakkals le Roux, Voorsitter van VL se Landelike Veiligheidskomitee, by 082 781 8241.

# Dienssentrum open

*Op 28 Januarie het Ds Braam van Zyl vir die Dienssentrum lede geopen met 'n boodskap oor bekommernis.*
*Die program vir die dag was 'n vasvra met die tema: Spreekwoorde en Geskiedenis. Die lede gaan volgende week vreemde lande se kos eet en gesels oor die agtergrond, tradisies en gelowe wat daarmee gepaard gaan.*



*Op die foto: Ds Braam van Zyl en Alberta Kuhn, die Januarie verjaarsdaglid van die Dienssentrum.*

# Kuier gesellig saam by Fraaihuis Kwekery

Heilbron Huis- en Tuinbouklub het op Woensdag, 22 Januarie 2020 weer die nuwe jaar afgeskop met 'n vergadering en heerlik gekuier by Fraaihuis Kwekery. Adeline de Jongh het die oggend geopen met 'n geesgevulde boodskap. Sy is al 18 jaar betrokke by kinderbediening, "Wanting Revolution". Sy besoek onder andere 4 skole waar sy haar passie voluit uitleef om 'n Christelike boodskap aan die kinders oor te dra.

Die tema van haar boodskap, aan al die tuinboulede, is "Hande vol Hoop". Wat het jy vandag in jou hand? Moontlik 'n dagboek met oop blaaie vir baie afsprake, of 'n dagboek wat reeds vol geskryf is met baie verpligtinge wat nagekom moet word. Dalk 'n boks sneusdoekies vir die seer omdat 'n geliefde moontlik weg geval het of seer gekry het. Dalk 'n selfoon, omdat jou kinders of familie gevestig is vêr oor die waters of vriende wat net in kontak wil bly. Dit wat jy in jou hande moet hê is God se Woord. Hy wil dieper dinge aan jou wys. Die Lewende Woord is die waarheid, dit is kragtig, volmaak, betroubaar, dit gee lewe en wysheid. Die Bybel moet van vooraf hanteer word as 'n geskenk van God af – 'n liefdesbrief spesiaal aan jou geskryf. Gebruik God se GPS, God Position System, om jou hierdie jaar te posisioneer op die regte pad. Die woord bible staan vir Basic Instructions Before Leaving Earth... Gaan terug na God se woord en vra jouself of dit wat in jou hande is belangrik en waardig is vir hom.

Tuinbou gedagtes is uitgeruil en die vergadering is afgesluit deur heerlike samesyn. Alle belangstellendes word hartlik uitgenooi na Heilbron Huis en Tuinbou se volgende vergadering, wat op 19 Februarie 2020 ge-reël sal word.



**BESTUUR VAN 2020:** *V.l.n.r: Marlize Swart, Gerda Pieters, Adeline de Jongh (Spreekster), Georgina Weiss, Wilna Weilbach, Louise vd Westhuizen, Rosemary Broodryk, Pia Pienaar & Sannetjie Lombard (afwesig).*

# 75 Jaar van Groot Genade

## *EG Kerk Frankfort*

*Ds Hendrik van Rensburg sal die diens waarneem die 16de Februarie 2020. Ds Hendrik is van die Tzaneen gemeente en seun uit die gemeente Frankfort. Na die erediens sal verversings beskikbaar wees.*
*Vir meer besonderhede kontak ds Pieter van Wyk by Sel: 083 594 3078 of E-Pos: pietervanwyk2007@yahoo.com.*
*RSVP 31 Januarie 2020.*




SPAR
JANUARY
BUDGET
BOOSTER
10 000
KOPERS SAL HULLE
INKOPIES
GRATIS WEN
SPAR
SPAR Rewards
Instant Savings
EKSKLUSIEF VIR SPAR REWARDS-LEDE. SLUIT VANDAG NOG AAN, DIS GRATIS! www.spar.co.za · Vind ons op /myspar
SOOS OP TV
SPAR Langlewe Melk Volroom, Lae-Vet of Afgeroom 6 x 1 liter
69.99 per pak
SOOS OP TV
Parmalat Cheddar-, Wit Cheddar-, Verouderde Cheddar- of Gouda-Kaas 850 g
86.99 elk
SOOS OP TV
Nescafé Classic, Strong, Brazil of Ivory Coast Fles (Kafeïenvry en Sagtepak uitgesl.) 200 g
59.99 elk
SOOS OP TV
Koo Gebakte Boontjies in Tamatiesous 410 g (Lite ingesl.) 410 g
KOOP ENIGE 4 VIR 40.00
SOOS OP TV
All Gold Tamatiesous 700 ml
22.99
SOOS OP TV
Liqui Fruit 100% Vrugte-Sap Versnit 1 liter
16.99 elk
SOOS OP TV
Coca-Cola Slegs Gewoon 1,5 liter
KOOP 2 VIR 25.00
SOOS OP TV
Sunlight 2 in 1 Spring Sensation, Tropical of Lavender Handwaspoeier 3 kg
Winkel prys 52.99
Kry 'n ekstra R3 af
R49.99
*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk wat hier vertoon word.

# EERSTE SKOOLDAG



Kan julle dit onthou? Haar naam was Juffrou Adrie en sy was die beste ooit. Ek was 'n grootoog-bokstert dogtertjie toe ek haar die eerste keer in ons graad 1-klas ontmoet het. Sy was die slimste en mooiste juffrou. Ek kan onthou sy het 'n seer knie gehad - wanneer ons mattyd gehad het, het ons in 'n halfsirkel rondom haar gesit, maar plek gemaak vir haar been, want diè moes altyd reguit wees.

Corrie en Ronel was my twee maatjies wat saam met my uit die kleuterskool "grootskool" toe gegaan het. Corrie het kliphard begin huil toe Ronel langs my kom sit het, ek was heeltemal verward. Sedertdien (dink ek) het niemand weer baklei om langs my te sit nie. In elk geval nie waarvan ek weet nie. Ons eerste taak was om met die rooi en blou klei te speel totdat ons ouers geloop het. Ek dink my ma was eerste weg. Dalk was sy verlig dat haar laaste spruit nou uiteindelik in die skool is.

Ek lees die ander dag van 'n knapie wat vir sy pa gesê het dat sy pa in die bakkie moes bly sit, want hy gaan netnou weer terug wees. Sy skooldag gaan nie so lank wees nie, want hy het hanslammers om na om te sien. Klein Joachim Jordaan (gaan lees op netwerk24) het vertel dat die kinders by die skool verskriklik raas en dat hy eerder wil huis toe gaan. Hy het 'n los bout aan sy stoel gesien, en wou opsluit gereedskap hê om dit reg te maak. Skool was definitief nie vir hom nie. Iemand het kommentaar gelewer dat haar kleinseun die eerste skooldag vir sy pa gesê het dat hy nie teruggaan skool toe nie, want "dis nie vir hom nie."

As dit nou maar so maklik is.

Oom Schalkie het in die vyftigerjare vir die eerste keer skool toe gegaan. Sy juffrou het die hele tros kinders deur die skool gevat, hulle gewys waar die "kamerverlate" is, die fietsrakke, die biblioteek en later waar die bus geparkeer was. Net na pouse is oom Schalkie skoonveld. Uiteindelik kry hulle hom waar hy solank in die bus wag om huis toe te gaan.

My eie persoonlike boetie, wat al goed groot is, het ook 'n traumatiese eerste skooldag gehad. Hy het geduldig in die saal gewag terwyl die skoolhoof die name van elke nuwe graad 1-tjie gelees. Hulle het langs die juffrou in 'n ry ingeval, angstig om klas toe te gaan. Die hele saal se kinders was teen hierdie tyd al op pad na hulle nuwe klassies toe, behalwe my boetie. Hy het rustig op die vloer in die saal gesit en gewag. Toe die skoolhoof hom later vra waarom hy nog nie in 'n klas is nie, sê hy dat niemand nog sy naam genoem het nie. Die skoolhoof kyk op sy lysie en sien dat sy naam jouwaarlik op sy lysie is en hy kan sweer dat hy alreeds sy naam genoem het.

"Wat is jou naam, seun?"

"Johan, meneer."

"Kyk, hier staan jou naam, jy in Juffrou X se klas. Ek het jou naam gelees, hier staan Johannes Jacobus Swanepoel." "Dit is nie my naam nie, My naam is net Johan."

Dit was blykbaar die eerste keer dat Johan gehoor het dat hy meer as een naam gehad het.

My goeie man het 'n maatjie gehad wat saam met hom vanaf die kleuterskool na die grootskool gegaan het. Die eerste dag in die nuwe skool maak boetie sy broek sopnat. Die maatjie word inderhaas uit die klas geneem en 'n broekie uit die klerebank kry 'n nuwe bas.

Die mamma bel later die juffrou. "My kind het gevra om die kamer te verlaat. Hy sê hy het sy hand opgesteek, maar toe niemand aan hulle aandag gee nie, toe dog hy dat dit verbode was om toilet toe te gaan." Die juffrou was baie verleë. "Jammer, mevrou, hy kon dalk sy hand opgesteek het en vir my gevra het, maar die kinders het so baie lawaai dat ek dit nie eers agtergekom het nie." Nodeloos om by te voeg: dit was ook die juffrou se eerste dag by die skool.

Die jongste een in die huis vertel dat sy Dinsdag op Tukkies se kampus stap, vinnig op pad na een van haar dosente. Sy kry 'n verwarde eerstejaar met 'n verfrommelde kampuskaart. Die eerstejaar keer haar voor en vra of jongste haar kan help? Jongste vra waar sy wil wees. "Op die kampus. Is ek nou op die kampus?"

Dan dink ek terug aan die fliek Hope Floats. Een van die karakters sê: "Beginnings are usually scary, endings are usually sad, but it is the middle part that matters most."

Terug by die eerste dag van skool: dit is vreesaanjaend, daaroor kan niemand stry nie. Party kinders hanteer dit net beter as ander. Die dag wanneer jy jou laaste skooleksamen skryf, is jy nogal hartseer, party sal dit net nie erken nie. Maar dit is die middelste gedeelte wat die belangrikste is. Het jy jou bes gedoen? Want net jou beste is goed genoeg.

As jy dalk in 2020 'n spruit grootskool toe gestuur het: geniet die volgende 12 jaar. Jy gaan dit nooit weer op dieselfde manier beleef nie.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Erediens (Doop)
Sagte kollekte / Kleuterkerk / Deurkollekte: TOIBO
Kategese / Blok 1

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Erediens
Belydenisaflegging / Deurkollekte: Behoeftige Kinders
Geloofsoffers hernu / Kategese

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 2 en 3 / Katkisasie: Les 2
Kollekte: Teologiese Studentekas

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H/v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondag:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M. Prinsloo 083 943 4561

**AGS, PLEINSTRAAT 72**
**Sondag:** 10:00 Erediens
**Woensdag** Biduur: 18:30, **Vrydag:** 19:00 - Jeug
Kontak: Past. L.B. Deysel. Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- en Gilbertstraat) - **Sondag:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbreiding
**Sondag:** 10:00 Erediens (Heilbron)
Deurkollekte: DVB / VBO Les 2
Skinkbeurt: Groep 3

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)**
**Sondag:** 10:00 Erediens / 18:00 Aanddiens
**Woensdag** Biduur: 18:00
**Navrae:** Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
**Sondag:** 10:30 Erediens
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Woensdag** Biduur: 18:00

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
**Sondag:** 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
**Woensdag**: Huissel / **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand / **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondag:** 10:00 Oggenddiens. **Maandag:** 06:00 Huissel,
**Woensdag** Biduur: 06:00. Kontak: P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Sondag:** Heiligmaking om 10:30
**Dinsdag:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge
**Woensdag:** 17:00 Gemeentediens & Biduur
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
**Sondagskool** 09:00 / **Oggenddiens:** 10:00
**Dinsdag:** 10:00 Biduur / **Donderdag:** 10:00 Bybelstudie
Navrae: JC Smith 063 247 4774

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe. Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Heilbron Herald

# GEMEENSKAPSNUUS


**Op en Wakker Dienssentrum**
vir Bejaardes Reitz

*Program vir week*

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**
*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**
**MAANDAE:**
10:00 - EKO-program
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram
(Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei, ensovoorts.
(Elke week iets anders).
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

**Biblioteek Tye**
**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIEDAE.

Be kind,
WORK HARD,
Stay humble,
SMILE OFTEN,
Stay loyal,
BE HONEST,
Travel when
POSSIBLE,
NEVER STOP
LEARNING.
Love Always

# GEKLASSIFISEERD
*Smalls*

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140 www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**

- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Celéste** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Vr 31 Jan. | 16 / 30 | 73% kans vir reën |
| Sa 1 Febr. | 15 / 32 | Sonnig, warm |
| So 2 Febr. | 14 / 31 | 43% kans vir laatmiddag buie |
| Ma 3 Febr. | 15 / 30 | 74% kans vir donderbuie |
| Di 4 Febr. | 16 / 26 | 52% kans vir reën |
| Wo 5 Febr. | 16 / 28 | 47% kans vir reën |
| Do 6 Febr. | 16 / 28 | 74% kans vir reën |
| Vr 7 Febr. | 17 / 29 | 83% kans vir donderbuie |
| Sa 8 Febr. | 17 / 30 | 58% kans vir donderbuie |
| So 9 Febr. | 17 / 29 | 58% kans vir donderbuie |
| Ma 10 Febr. | 17 / 30 | 88% kans vir donderbuie |

## KENNISGEWINGS

### NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE BEATRIX ALIDA BOTHA,** Identity Number: 321019 0016 081, in life unmarried, who resided at Huis Bron-van-Heil, district Heilbron, 9650, Province Free State, Estate **NUMBER: 6028/2019.**

Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the FIRST AND FINAL LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Heilbron Magistrate Court.

If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.

**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

### KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE

In die boedel van wyle **DAVID HERCULES BOTHA**, Nommer 008656/2019,
Identiteitsnommer 560208 6043 089 wat gewoonlik woonagtig was te Oranjestraat 41, Heilbron en wat te Heilbron op 9 September 2019 gesterf het.

Enigeen wat 'n eis het teen bogenoemde boedel word hiermee versoek om sodanige eis by ondergetekende in te dien binne 30 dae van die datum van publikasie hiervan.

Gedateer te Heilbron op hierdie 17de dag van Januarie 2020.

**JH JANSEN**
**JANSEN PROKUREURS**
**PIERCESTRAAT 58**
**POSBUS 890**
**HEILBRON, 9650**
**VERW: BOT13/0001/JHJ/CM**

## JAARBEPLANNER 2020

**FEBRUARIE**
**1 Febr.** Hoërskool Heilbron - Gholfdag
**8 Febr.** Grasren - Vegkop Boerevereniging
**13- 16 Febr.** Reitz Bieliemieliefees
**28 Febr.** Rolbalklub - Deurnag

**MAART**
**7 Mrt.** NG Moedergemeente Basaar
**14 Mrt.** Vroueringskonferensie - NG Suidgemeente

**APRIL**
**15-17 April** Hoërskool Heilbron Revue

**MEI**
**8 Mei** NG Moedergemeente Visete
**12 tot 15 Mei** Nampo

**JUNIE**
**6 Jun.** AP Kerk Basaar


**JULIE**
**31 Jul.** BoereTreat

**AUGUSTUS**
**1 Aug.** BoereTreat

**SEPTEMBER**
**29 Sept.** Blyweesfees - NG Suidgemeente

**STUUR ASB. VIR ONS DATUMS VIR 2020**

## TE KOOP





### VOERTUIG TE KOOP

1995 Wit E280 Merc te koop. Voertuig is in 'n uitstekende toestand.
**Kontak Jannie 071 440 1831 vir verdere navrae**



### AANKOOP VAN SPEENKALWERS

Aankoop van alle speenkalwers.
**Kontak Jannie Bornman 072 287 4111 • Heilbron**



### 4 SLAAPKAMERHUIS TE KOOP

***Netjiese ruim 4 slaapkamer siersteenhuis in HEILBRON TE KOOP***
***(Min onderhoud as gevolg van afwerking binne).***

- Pragtige ruim ingangsportaal.
- Ruim sonnige hoofslaapkamer met aantrekkamer (baie ingeboude kaste) en moderne ruim badkamer.
- 2 Ruim sonnige slaapkamers met ingeboude kaste
- Ruim studeerkamer (kan aangewend word as 4de slaapkamer)
- Moderne ruim tweede badkamer.
- Pragtige ruim oopplan-kombuis met gasstoof.
- 3 Netjiese ruim leefareas.
- Moderne teëls.
- Matte in die slaapkamers en studeerkamer.
- Uitstekende sekuriteit met kameras toegerus. Beste kwaliteit Trellidors voor alle venters en deure. Trellidor in gang.
- Grootte van erf is 1138 m². Grootte van woonhuis is 267 m². Grootte van buitegeboue is 91.5 m² (lapa uitgesluit).
- Koopkrag.
- Sprankelende swembad met goed toegeruste lapa (met krag).
- Aparte buite waskamer met krag en water.
- Buite ablusiegeriewe.
- Dubbelmotorhuise vir 4 motors en dubbelafdakke voor motorhuis.
- Boorgat en pragtige gevestigde tuin.
- Naby Hoër- en Laerskool.
- Een en 'n halwe uur se ry vanaf Johannesburg.
- Die uitleg skep 'n baie lekker leef-huis, ideaal geskik vir onthale.
- 'n Intrekhuis vir die kieskeurige koper!

**Vir meer besonderhede kontak 082 453 9317 of 082 377 9096**

## DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma kantoorure by 058 852 3033.

# NOU OOP

Muller Draaiwerke

**Milling**
**Keyways**
**Algemene Draaiwerk**
**Meganiese Herstelwerk**

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**VryStr 23, Heilbron**

### NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE JAN GABRIEL HENDRIK KRIEL,** Identity Number: 570301 5039 088, in life married out of Community of Property, resided at farm Springhaaslaagte, district Heilbron, Province Free State, Estate **NUMBER: 737/2018.**

Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the FIRST AND FINAL LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.

If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.

**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

### KOM BESOEK ONS VIR AL U SKRYFBEHOEFTE BENODIGDHEDE

*U EEN-STOP WINKEL*

Herald Office National

**Elsstraat 44, Heilbron**
**Tel: 058 8523033**

# EIENDOMME

## VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

**Vir die beste transaksies en diens**

**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**

# BETREKKING

**GiG Technologies** (Pty) Ltd

Gig Technologies (Pty) Ltd.
Cell. 072 840 4495
Mail. info@gigtechnologies.co.za

**Vakante Betrekking**
**IT Assistent**

Posvereistes:
- Rekenaarvaardigheid
- Bereidwillig om te leer
- Kode B Bestuurslisensie
- Goeie kommunikasievermoë en klantediensingesteldheid

Pos Verantwoordelikhede:
- Rekenaar Herstelwerk
- Internet & ander Installasies
- Verkope & Dienslewering aan klante

CV`s kan ingehandig word te 44 Kerkstraat, Heilbron of gestuur word na: adriaan@gigtechnolgies.co.za

# TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Hannalie Claassen 079 040 0531**
G




Onthou 14 Februarie Valentynsdag

### TYDDEEL EENHEID TE KOOP

Tyddeel eenheid te koop in Mabula Privaat Wild Reservaat, Bela Bela/Rooiberg, Limpopo. Eenheid 59/2 (Sunset Hill) is beskikbaar vanaf die tweede Vrydag in Januarie elke jaar vir 'n week lank. Dit is 'n een slaapkamer eenheid maar kan vier persone huisves. Verkoopprys is R4 500. Jaarlikse heffings (R9 306 gedurende 2019) is betaalbaar.
**Navrae: Willie of Marie Lubbe.**
**Tel: 012 548 2293 / 082 928 6204**
**E-Pos: lubbes@mweb.co.za**

**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

# Nuus vanuit Hoërskool Heilbron



**PRIMÊRE ATLETIEK 2020:** *Saterdag, 25 Januarie, het Hoërskool Heilbron se Primêre Afdeling Deelgeneem aan Laerskool Republiek se uitnodigingsbyeenkoms. Die atlete behaal : 24 eerste plekke, 23 tweede plekke en 15 derde plekke. Op Vrydag 31 Januarie gaan die atlete aan die Laerskool Voorwaarts Byeenkoms in Meyerton deel neem.*

Hoërskool Heilbron ontvang 'n spesiale geskenkbewys van die Departement van Onderwys en Kagiso-trust vir die volgende vakke: Geografie, Rekeningkunde, Fisiese Wetenskap en Wiskunde. Die skool het weereens 'n 100% slaagsyfer behaal en ontvang 'n trofee vir volgehoue 100% slaagsyfer vir 5 opeenvolgende jare. Die trofee is net aan twee skole in die Fezile Dabi destrik toegeken. Hoërskool Heilbron ontvang 'n platinum trofee vir 'n 100%-slaagsyfer vir 23 agtereenvolgende jare! Alle leerlinge slaag ALLE vakke!! Toekenings is aan elke vak onderwyser oorgehandig vir 'n 100% slaagsyfer.



*Op die foto (Voor): Elmarie Cronjé (Rekenaar Toepassings Tegnologie), Peter Smith (Skoolhoof), Bertina Janse van Rensburg (Lewenswetenskap en Wiskunde Geletterdheid ), Tertius Janse van Rensburg (Ingenieurs Grafika en Ontwerp en Landbou Tegnologie), Magda Kruger (Rekeningkunde), Marina van Zyl (Afrikaans) en David Knight (Lewensoriëntering). Agter vl: Liza-Mari de Witt (Geografie), Henriëtte Janse van Rensburg (Engels), Mariaan Mouton (Wiskunde en Fisiese Wetenskap) en Elsabé van der Merwe (Verbruikerstudie).*

# Verkeer tot stilstand gedwing





Vanaf Woensdagoggend, 29 Januarie 2020, omstreeks 02h00 moes Heilbron-Petrus Steyn padgebruikers hulle 4x4 knoppies draai en grondpad ry nadat 'n trok omgeval het en beide bane op die pad versper het. Die trok het vertrek uit Britz en ongeveer 35km buite Heilbron het die drywer beheer verloor oor die voertuig en op sy kant beland. Die massa klappe was gelaai met klip wat alles in die pad beland het en die tydperk vir beskikbaarheid van die pad vertraag het. Loshandwerkers is uit Petrus Steyn gehuur om te help om die klippe op te tel en weer in 'n ander trok se bakke te laai. Die ongeluksvoertuig moes ingesleep word. 'n Nabygeleë maatskappy het ook aangebied om met hul TLB die klippe op die trok te laai en die pad skoon te maak. Groot waardering word getoon aan High-Fert in Petrus Steyn. Padgebruikers moes egter tot sonopkoms nog 'n ompad gebruik om hulle bestemmings te bereik en ander het tot en met 3 ure gestaan en wag vir die pad om toeganklik te wees.


TELWIEDRE VOERE

**VACANCY**
**SECRETARY / PERSONAL ASSISTANT**

*Telwiedré Voere in Heilbron has got a vacancy available for the above-mentioned position. Potential candidates must have the following characteristics: -*

**PERSONAL FEATURES**: - Dynamic, friendly, accurate, responsible, reliable, loyal, honest and punctual. Independently and effectively functioning and problem solving [if possible]. Effective handling of the electronic diary and calls of the Chief Executive Officer. Ability to plan and coordinate. Good human relations, communication skills and taking own initiative.

**JOB DESCRIPTION:** - Reception and hospitable handling of visitors and customers. Switchboard management and effective message taking, if needed. Sending e-mail messages and handling calls and faxes of all persons responsible for. Compilation, typing and translation of letters, memos, notices, policy documents, etc. Arranging and minute taking of meetings. Filing and general office work, for all persons responsible for. Setting up Power Point presentations, when required and needed. Any other tasks as assigned by the CEO and other persons within the framework of responsibility.

**REQUIREMENTS:** - At least a Grade 12 certificate plus a secretarial training certificate or diploma. Must be computer literate in both "Word" & "Excel" programs [MS Office]. Effective and fluent in Afrikaans and English - read, speak and write. Capable handling numbers and figures. Valid driver's license. Knowledge of the animal feed industry and previous experience will serve as a recommendation.

**OTHER**: - Responsible directly to the Chief Executive Officer. Compensation negotiable according to qualifications, abilities and experience.

**CLOSING DATE: - FRIDAY, 15 FEBRUARY 2020**

**INTERESTED PARTIES: -** Submit your written resume/application to the Personnel Offices, [Attention: - Mrs. Ankia Barnard] at Telwiedrè Voere, 6 Botha Street, Heilbron or via email to admin1@telwiedre.co.za



TELWIEDRE VOERE

**VAKANTE POS**
**SEKRETARESSE / PERSOONLIKE ASSISTENT**

*By Telwiedré Voere in Heilbron is daar 'n vakature vir bogenoemde pos beskikbaar. Voornemende kandidate moet oor die volgende eienskappe beskik:-*

**PERSOONLIKE EIENSKAPPE: -** Dinamies, vriendelik, akkuraat, verantwoordelik, betroubaar, lojaal, eerlik en stiptelik. Onafhanklike effektiewe funksionering en oplossing van probleme [indien moontlik]. Effektiewe hantering van die elektroniese dagboek en oproepe van die Hoof Uitvoerende Beampte. Vermoë om te beplan en te koördineer. Goeie menseverhoudinge, kommunikasievermoëns en neem van eie inisiatief.

**POSBESKRYWING: -** Ontvangs en gasvrye hantering van besoekers en klante. Hantering van skakelbord en effektiewe neem van boodskappe, indien nodig. Stuur van e-posboodskappe en hantering van oproepe en fakse van alle persone waarvoor verantwoordelik. Opstel, tik en vertaling van briewe, memo's, kennisgewings, beleidsdokumente, ens.
Reël en notulering van vergaderings. Liassering en algemene kantoorwerk, waarvoor verantwoordelik. Opstel van "Power Point"-aanbiedinge, wanneer nodig en vereis. Enige ander take soos opgedra deur die HUB en ander persone binne verantwoordelikheidsraamwerk.

**VEREISTES: -** Ten minste 'n Graad 12-sertifikaat plus sekretariële opleidingsertifikaat of -diploma. Moet rekenaarvaardig wees in beide "Word"- & "Excel"-programme [MS Office]. Afrikaans en Engels magtig – lees, praat en skryf. Syferaangelê. Geldige bestuurslisensie. Kennis van die veevoerbedryf en ondervinding sal as 'n aanbeveling dien.

**ANDER:** - Verantwoordelik direk aan die Hoof Uitvoerende Beampte. Vergoeding onderhandelbaar volgens kwalifikasies, vermoëns en ondervinding.

**SLUITINGSDATUM:- VRYDAG, 15 FEBRUARIE 2020**

**BELANGSTELLENDES: -** Oorhandig of stuur u skriftelike CV/aansoek aan die Personeelkantore, [Aandag:- Mev. Ankia Barnard] by Telwiedrè Voere, Bothastraat 6, Heilbron of via e-pos na admin1@telwiedre.co.za

# Balanced eating for good health

## *Information on wise food choices for people with Type 2 Diabetes, Obesity or High Blood Pressure (Part 1)*

***• Heilbron Clinic***

If you have diabetes, hypertension or are overweight, it is possible to live a normal life.

Here are the health targets which you should aim for:

• If you have diabetes, you need to try to have a normal blood sugar level.

• People with high blood pressure must aim for a blood pressure of 135/85 mmHg.

• Overweight people must aim to lose 10% of their body weight. Men should aim for a waist measurement of less than 100cm and women a waist measurement of less than 95cm.

• Right body weight: if you have diabetes, hypertension or are overweight, you need to reach a reasonable body weight. You must try to stay at the right weight. Your weight will affect your health and the control of you illness.

The guidelines and information in this article will help you make good food choices so that you can reach the above targets.

**Eating for good health**

Food is essential for life: Our bodies get the energy and the nutrients they need to grow and develop, to move, work, play, think and learn from food.

There are no good or bad foods. You do not need to include expensive foods or foods which are difficult to get in your diet. These guidelines will help you eat the best diet using foods which are available to you and which are most suitable for your health.

Everyone should follow a wise eating plan. You do not need to eat different food from the rest of the family. Rather, show them how to improve their eating habits.

**Try to follow these ideas:**

**• Enjoy a variety of foods**

Try to eat as many different types of food as you can every day. There are no good or bad foods so you can eat foods which you can afford and which are easy to get. Aim to eat 2 - 3 meals a day.

**If you have diabetes**

The following rules are important for good blood sugar control. If you follow them, your insulin will work better.

• Space your meals evenly throughout the day.

• Eat them at the same time each day if possible.

• Make each meal more or less the same size.

• If you need snacks, make sure you don't take in too much food each day. Choose low fat snacks like fresh fruit or low fat milk.

**If you are overweight**

Cut down on the total amount of food you eat at each meal.

**Make starchy foods the basis of most meals**

Starchy foods like maize, meal, bread, rice, samp, potatoes, porridge, pasta and breakfast cereal are important foods in a healthy, balanced diet. These foods are usually the staple (main) food in the diet. They should be the central part of each meal.

**If you have diabetes**

Some people with diabetes think that eating starchy foods will make their blood glucose too high. This is not true. If you don't eat enough starches you will get ill. Eat regular meals that have a similar amount of starch to help control you blood sugar.

**Does eating starch lead to being overweight?**

You may worry that you will get fat if you eat starchy foods. This is not true, as long as you balance the amount of food you eat with the amount of energy you use.

Each meal should have starchy foods, but the total meal size must not be too big.

**Eat plenty of vegetables or fruit every day**

Vegetables and fruit should be an important part of your daily diet. They contain nutrients that our bodies need. You must eat them every day, if possible at each meal. Aim to eat a total of 5 servings a day.

Do not add extra fat, oil or salt to vegetables when you cook or serve them.

**If you are overweight**

To lose weight, eat lots of vegetables before eating other foods.

**Eat fats sparingly**

You need some fat for good health. But eating too much fat will cause you to become overweight and will increase your risk of hypertension, heart disease and stroke. Fat also prevents insulin from working properly. For good health, you should eat as little fat as possible.

**Think of ways to eat less fat. Here are some ideas:**

• Always choose low fat foods.

• Cook with less fat.

• Remove any fat from meat and the skin from chicken before cooking

• Spread margarine and spreads very thinly, or not at all.

• Use low-fat milk or skim milk powder rather than coffee creamers of full cream milk in tea or coffee.

• Buy fruit or maas instead of fried snack foods from vendors.

• If you buy sandwiches, remember that un-toasted sandwiches have less fat than toasted sandwiches.

**Use salt sparingly**

Foods high in salt and fat can affect blood pressure and increase the risk of stroke and heart diseases. It is sensible to choose foods low in salt.

**Try these ideas:**

• Use small amounts of salt in cooking and none at the table. Rather use a lot of herbs and spices for flavour.

• Use very few processed salty foods like packets of soup, canned vegetables and meat extracts.

**If you have hypertension**

It is especially important for you to use salt sparingly. Using less salt can reduce some people's blood pressure.

**Drink lots of clean safe water**

Drink clean water every day. Water helps your kidneys get rid of the waste products that build up in your body. Sometimes, you may feel hungry but are actually thirsty. Drinking enough water will stop overweight people from eating when their body is thirsty.

# TERUGBLIK



***HEILBRON HERALD, 27 MAART 2015.***
*Riana Mouton het Donderdag haar lyf aktrise gehou vir die maak van haar eerste musiekvirdeo. Dit was vir die titelsnit van haar 2de solo cd "Maak 'n verskil" wat verlede jaar Junie vrygestel is. Eon de Bruin van Xrossbeat het die video geskiet en dit was op 'n paar plekke gedoen, oa OJ's restaurant ook. Die musiekvideo sal die eerste week in April beskikbaar wees op Kruis Kyk TV en ook op You Tube op die web.*

# Briewe aan: Redakteur

***Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.***

'n Pastoor sê eendag, u weet mos hoe maak klein kindertjies as hulle nog nie baie vas is op hulle beentjies en as hulle begin loop dan steek hulle hulle handjies in die lug op, en, sê hy, ek onthou van my 3-jarige seuntjie toe hy begin loop het, en hy my sien, hy sy handjies in die lug opsteek en al waggelende na my toe gekom het en met 'n laggende gesiggie uitgeroep het "Pappa!" Dan het hy verlang na my, en was bly om my te sien. So kan ons ons hande in gebed ophef na ons Hemelse Pappa toe. Hy ken ons verlange en behoeftes, en Hy gee nie om wie of wat jy is nie, en al strompelend ons hande na Hom toe uitsteek nie. Jy gee mos nie om hoe vuil jou kindjie is nie, al is sy mondjie en handjies vol sjokolade, hy mag maar kom. die Here gee ook nie om hoe ons lyk nie, ons mag kom net soos ons is.

'n Predikant het eendag gesê, die Here sal ons nie los wanneer ons agterbly en struikel nie. Hy sal teruggaan na jou, jou "optel" en vorentoe lei.

'n Bietjie humor: Jan Pohl vertel dat sy pa tog so vreeslik vals gesing het, en eendag in die Kerk sing hy weer so vals dat hy skoon die gemeente verwar het, en van koers bring. Hy sie sy ma stamp toe aan sy pa, hewig ontsteld en sê: "Ou man, ek dink jy moet maar liewer stil bly, die Here sal verstaan".

Ingestuur deur Heléne Howell.

# 87 Eenhede bloed ingesamel



***SANBS BEDANK ALLE BLOEDSKENKERS:*** *Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) het gister 87 eenhede bloed in Heilbron ingesamel. SANBS wil graag alle bloedskenkers hartlik bedank vir hulle ondersteuning en hulle aanmoedig om aan te hou om gereeld bloed te skenk. SANBS moet ten alle tye 5 dae se bloedvoorraad handhaaf, deur 3 000 eenhede daagliks in te samel om aan die vereistes te voldoen. Hierdie is 'n spesiale beroep op die publiek om 30 minute af te knyp om bloed te skenk. Die minimum vereistes om 'n bloedskenker te wees, is: Wees tussen die ouderdom van 16-75 jaar; Weeg meer as 50kg; Geniet goeie gesondheid; Leef 'n veilige seksuele leefstyl. SANBS nooi die gemeenskap van Heilbron om bloed te skenk hierdie jaar by die NG Suid Kerksaal vanaf 13h00 tot 18:30. Die datums vir die jaar: 24 Maart, 26 Mei, 28 Julie, 22 September, 24 November. Vir meer inligting, besoek ons gerus by www.sanbs.org.za of skakel tolvry 0800 11 90 31. Op die foto vl: Salomie Viljoen en Dirk van der Westhuizen.*

# SPORTverslag

## Zacharia wen putjiespel

Een van die jaarlikse hoogtepunte van Heilbron Gholfklub is die finaal van die putjiespel kampioenskappe. Zacharia Mholo het verlede Saterdag in 'n titaniese stryd teen John Watson die kampioenskappe gewen. Na 'n terugveg poging aan die einde deur Watson kon hy nie die druk hanteer op die laaste putjie nie. Hy stoot sy bofhou in die lang gras tussen putjie 10 en 18 in en staan twee houe af om daar uit te kom. Sake was toe nog gelyk op die stadium. Zacharia bly koelkop na 'n goeie dryf en teken syfer aan om gekroon te word as Heilbron Gholfklub se enkels kampioen.

Julyan Bruyns en John Watson was 2019 se wenners van die dubbels putjiespel. Die bestuur beplan om reeds teen einde Februarie die kompetisie weer aan die gang te kry.

Thys Rampai maak 'n welkome terugkeer en wen Saterdag se vleiskompetisie met 36 punte. Hy was ook die enigste wat op sy voorgee kon speel. Spelers sukkel met die somertoestande van die baan en veral as 'n bofhou in die ruveld te lande kom.

Hoërskool Heilbron bied môre hulle jaarlikse fondsinsamelingsdag aan. Die organiseerders sê dat daar 'n volveld van 72 spelers gaan wees en baie pryse en pret aan die orde van die dag gaan wees.

Dit sal 'n "Shotgun" afsetting wees om 11:30 en spelers moet reeds teen 10:30 aanmeld. Buiten vir die gholf sal daar ook 'n heerlike ete en veiling wees.




*Wenners van die klub se putjiespel kompetisie: Jackie Leonard (Vise President) Julyan Bruyns, John Watson, Zacharia Mholo en RJ Muller (bestuurslid).*

## Valsrivier kompetisies

### Viere-kompetisie

Die afgelope naweek was dit 'n groot bedrywigheid by die rolbalklub met die aanbieding van Valsrivier Subdistrik se dames- en mansviere kompetisie.

Die baan is in 'n uitstekende toestand en spel van hoë gehalte kon Saterdag en Sondag gesien word.

Spelers van Kroonstad en Heilbron het Sondag hard baklei vir die eerste plek, en uiteindelik het Kroonstad se mans- en damesspanne koning gekraai.

Catrien Koekemoer van Koppies, met haar "gekombineerde" span bestaande uit Petro Habig (Heilbron), Sanieta Horn (KBC), en Antoinette Cunningham (Heilbron), het hul stemme dik gemaak en behaal 'n verdienstelike tweede plek. Magda Bierman met haar troepe bestaande uit Hannalie Claassen, Babs Knoesen en Suzie vd Westhuizen het in die derde plek geëindig.

KBC se mansspan bestaande uit Petrus Fölscher, Oelie Oelofse, Marius van Schalkwyk en Derrick de Gouveia het deurentyd uitstekende rolbal gespeel en het welverdiend met die eerste plek weggestap.

Heilbron se mansspan bestaande uit Whitey Joubert, Terence Cunningham, Johan Greyling en die jongeling DJ Steyn eindig in die tweede plek. Wat hierdie tweede plek besonders maak vir Heilbron Rolbalklub, is dat beide Terence en Johan redelike nuwe spelers is terwyl DJ, as junior, hom uitstekend van sy taak gekwyt het tussen die harde baarde.

Die volgende uitdaging vir hierdie spanne is op 15 en 16 Februarie by KBC wanneer daar teen die spanne van die ander Subdistrikte gespeel word.

Beplanning vir Heilbronklub se deurnagtoernooi is goed op dreef en daar is reeds goeie ondersteuning van ander klubs terwyl die lede reeds met groot opgewondenheid uitsien na hierdie lekker "sukkel wakker bly" toernooi.



*Op die foto vl: Nita Wessels, Annalie Boucher, Alta de Gouveia en Ansie Fourie.*



*Op die foto vl: Hannes Horn wat die trofee oorhandig aan Derrick de Gouveia, Petrus Fölscher, Marius van Schalkwyk. Oelie Oelofse was afwesig.*

## Is julle gereed?

### Saterdag 8 Februarie

Volgende Saterdag, 8 Februarie 2020 word die 19de Vegkop Grasren en Rally aangebied!

Daar is die nuwe verlengde motorfietsroete wat meer as een keer gery kan word - bekend as die Rally-roete.

Dan is daar die tradisionele grasren roete wat met voertuie gery word, waar jy jou kennis kan toets by sowat 15 tot 20 borgepunte met hul unieke aanbiedings. Wynproe, Bokbal-spoeg en die Iveco verhoog is van die pret om na uit te sien.

Ook die uitdagende 4x4 roete wat vanjaar nie 'n grap gaan wees nie, maar 'n geharde "challenge" sal wees. Hopenlik reën dit lekker die komende week en dit gaan groot pret afgee.

Hierdie is steeds die grootste byeenkoms sedert die slag van Vegkop... maak gereed en maak seker jy mis dit nie, of jy saamry of self ry, bring al jul vriende saam.

Kom druk jou bande weer in die nat modder... dit gaan 'n nat een wees. Maxxis bande sal slegs by die Vegkop Rally spesiale aanbiedings hê op bande en pryse kan op die Facebook blad gesien word.

Daar sal genoeg te ete en te drinke wees. As jou geld opraak het ons 'n Standard Bank ATM met genoeg om alles te geniet.

**VERTREKTYE:**

- Motorfietse 07:00 - 08:30 en die baan sluit 12:00.
- Voertuie en 4x4 08:30 tot 11:00.
- Quarter mile 14:00 by Vegkop.

Die groot prysuitdeling met borgepryse en die wenners van verskillende afdelings is 16:00 op Vegkopterrein.

***Volg op Facebook: Vegkoprally***



